# waarheid & dwaling

RUGSTEUN VIR DIE AMP VAN GELOWIGE — JAARGANG 6, NO 2, FEBRUARIE 2000

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD


1 **Redaksioneel** *Spanwerk*
1 **Skrifoordenking** *Wakker by God* Ds GJ Meijer
3 **Fokus** *Om die kerk hof toe te sleep* Ds ALA Buys
5 **Aktueel** *Die Heilige Gees en ons (2)* Dr JG Meijer
7 **Boekbespreking** *Die Bybellennium (2)* Ds HLJ Momberg
9 **Mediese etiek** *Twee siek ampsdraers* Dr JM Boon
11 **Persskou**
- *Morele Suid-Afrika*
- *Godsdiens-kreatief*
- *Loof hom met die saxofone*

Ds GJ Meijer


**REDAKSIONEEL**

## SPANWERK

Gereformeerdes dink en handel nie eenders in 'n aantal beginselsake nie. Ek volstaan met drie voorbeelde om dit te verduidelik.

Voorbeeld een: Watter gesag het die vierde gebod? Behoort die rusgebod tot die Ou Testamentiese seremonies wat met die koms van Christus nie meer bindend is nie? Roep die Here sy volk om hierdie gebod te alle tye te onderhou? Altwee vrae word in gereformeerde kringe bevestigend beantwoord. Watter antwoord is reg? En waarom?

Voorbeeld twee: Watter onderwys behoort die kinders van die verbond te ontvang? Staatskool-onderrig? Christelike Volkseie Onderwys? Onderrig in gereformeerde of christelike ouerskole? Privaatonderwys in die ouerhuis? Al vier vrae word in gereformeerde kringe bevestigend beantwoord. Watter antwoord is reg? En waarom?

Voorbeeld drie: Wat is ons politieke roeping, veral sedert 1994? Daar is gereformeerdes wat vir munisipale, provinsiale en landelike owerhede stem. Hulle stem vir verskillende politieke partye. Enkele gereformeerdes is parlementslede, vir ten minste twee politieke partye. Ander gereformeerdes sê: Gelowiges behoort nie aan die 'nuwe' politieke stelsel deel te neem nie. Hulle propageer: Bly van die stembus af weg. Hoe moet ons die amp van gelowige in die politiek bedien? Wat is reg? En waarom?

In beginselsake loop gedagtes en optrede uiteen. Bogenoemde sake en ander kwessies verdeel ons. Dié verdeeldheid verlam die evangeliserende krag van gelowiges. Buitestaanders word nie getrek deur mense wat in beginselsake verskil nie. Die lewende liggaam van Christus waarin die lede saamstaan en saamwerk, het trekkrag. Die krag van die Heilige Gees wat ons saambind, word na buite toe sigbaar en voelbaar.

*Waarheid en dwaling* beoog om 'n leemte te vul deur die talryke kwessies wat ons van mekaar skei, onder oë te neem. Die blad wil die amp van gelowige, die toegewyde diens aan God, so omvattend moontlik beskryf. Ons blad is nie die enigste gereformeerde orgaan nie. Dit vul kerken ander gereformeerde blaaie aan en weerstaan die inhoud van blaaie wat die amp van gelowige misken of vereng.

Die bogenoemde en ander vrae kan nie in 'n japtrap afgehandel word nie. Om gefundeerde antwoorde te gee vereis grondige voorbereiding. Diepgaande studie van die norme in die Skrif en die hantering daarvan in die komplekse lewe van die 21ste eeu moet onderneem word. Hierdie wye taak kan nie deur een of enkele persone volbring word nie. Spanwerk is nodig. Spanwerk waarby soveel moontlik gereformeerde kundiges inskakel.

Verskeie groepe is reeds besig. Hulle werk op grond van die Skrif met die oog op ons roeping in die amp van gelowige. Maar nog nie alle sektore van die lewe word gedek nie. Uitbreiding van die span kundiges is nodig. Noudat die blad nagenoeg alle kerke binne die verband van die GKSA bereik, rig die redaksie hierdie versoek aan ons lesers: Help ons asseblief met uitbreiding van die spanwerk deur name van kundiges wat kan saamwerk, aan die redaksie te verstrek.

Wat is die vrugte van die Gees waarvoor ons in die spanwerk bid?

- Ons luister saam gelowig na die Woord van God.
- Ons verstaan saam die wil van God in meer en meer sektore van die lewe, in sy kerk en in sy koninkryk.
- Ons tree eendragtig in beginselsake op.

So word die Here verheerlik. En so kom ongelowiges in Suid-Afrika in die krisis om òf in die Here te glo òf op Hom en sy volk vyandig die rug te draai.

**SKRIFOORDENKING**

## WAKKER BY GOD

**ds GJ Meijer,**
Wonderboompoort

*Psalm 139:3a en 18b* - **'U deurvors my gaan en my lê' ... 'word ek wakker, dan is ek nog by U.'**

Psalm 139 is 'n gedig van Dawid. Dit is 'n geïnspireerde gedig, en daarom heeltemal anders as enige ander gedig wat deur mense geskryf word. Gelei deur die Heilige Gees loop Dawid oop-oë deur die lewe. Hy sien in watter toestand die wêreld is waarvan hy deel uitmaak. Daar is mense wat die lewe stelselmatig in stukke breek. Hulle huiwer nie om bloed te laat vloei net om hulle eie ideale te verwesenlik nie. Dawid bemerk ook die leuenagtigheid van die mens.

Mense sal, sonder om 'n oog te knip, lieg en bedrieg vir hulle eie gewin.

Dawid sien al hierdie dinge. Hy noem dit by name. Tog is dit nie die kernsaak waarom Psalm 139 draai nie. Gelukkig nie. Hierdie lied laat die lewe van die mens sien in die lig van God se Woord. Wat sien ons van die lewe as die heilsame lig van God se Woord daarop val? Verskeie dinge.

Die eerste wat ons bemerk, is dat die HERE ons deurgrond en ken. Die HERE oor wie Dawid in Psalm 139 praat, is Jahwe, ons troue Verbondsgod. Dit is die enigste ware God wat sy volk Israel deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm uit die slawehuis van Egipte uitgelei het. Hy is die Vader van ons Here Jesus Christus, ons God en Vader sonder wie se wil geen haar van ons kop kan val nie. Van Hóm sê Dawid: Hy deurgrond en ken my. Dit beteken: ons troue Verbondsgod maak intens bemoeienis met die lewe van elkeen van sy kinders. Hy kyk dwarsdeur ons elkeen. Sy oë deurboor ons. Hy is ten volle op hoogte van al ons bewegings. Eenvoudige, alledaagse dinge soos my sit en my opstaan, my gaan en my lê is by Hom bekend. Al die weë waarop ek elke dag loop, lê voor Hom uitgestrek soos 'n oop boek. Hy is ook op hoogte van al my gedagtes. Daar is nog geen woord op my tong nie - of die HERE ken dit al geheel en al. Selfs die gedagtes agter my woorde is vir Hom bekend.

Die tweede wat ons raaksien as ons ons lewe in die lig van Gods Woord beskou, is dat die HERE ons in sy Vadersorg koester. In vers 5 lees ons: Hy sluit my in van agter en van voor, sy hand lê op my. Die troue Verbondsgod gaan voor my uit op die gevaarlike paaie waarop ek moet loop. Hy dek my in die rug sodat die kwaad my nie van agter af inhaal nie. Hy sit sy arm om my skouer om my liefdevol te onderskraag as ek deur die diepte moet gaan. Hy hou my gevange in sy liefde. Ek kan nie vlug vir die Gees van die HERE nie, want sy Gees is oral: in die hoë hemelruim, ook in die diepte van die graf; in die verre ooste waar die son opkom, en ook in die weste waar die son sak. Ek kan selfs nie in die donker nag vir die Here wegkruip nie, want die duisternis is vir die HERE soos lig. As ek in sonde van die HERE af sou probeer wegkom, laat Hy my nie gaan nie - Hy hou sy kinders elkeen styf vas.

Hoe is dit alles moontlik? Die antwoord op hierdie vraag laat ons die derde belangrike ding raaksien as ons ons lewe onder die soeklig van die Woord stel. Hoe is dit dat die HERE ons so deur en deur ken en ons in sy sorg gevange kan hou? Omdat Hy ons gemaak het. Hy het my kunstig geweef in die skoot van my moeder: nie net my liggaam nie, maar ook my verstand - my gees; en my niere - die setel van my gevoel. En lank voordat Hy aan die weefwerk in my moeder se skoot begin het, het Hy reeds tot in die fynste detail beplan hoe Hy dit gaan doen. In sy lewensboek het Hy bepaal op watter unieke manier Hy elkeen van sy kinders gaan skep, met watter gawes en kragte en persoonlikhede Hy ons gaan toerus. Hy het ook alreeds vasgestel hoe elkeen se lewenspad gaan loop. In sy ewige raadsplan is alles besluit wat vandag gebeur. Daarom deurgrond en ken Hy my. Daarom kan ek nie van Hom af wegvlug nie.

Dawid staan verwonderd as hy sy lewe só, deur die bril van Gods Woord, in oënskou neem. Hy sê dit in soveel woorde dat die HERE se kennis en sorg en skeppingswerk vir hom te wonderbaar is. Hoe meer hy probeer om die werke van die HERE te volg, hoe meer verwonderd raak hy. As hy die gedagtes van die HERE probeer tel, bemerk hy dat hulle meer is as sand - ontelbaar dus.

Maak dit hom bang dat die HERE se gedagtes en werke ontelbaar is? Voel hy bedruk omdat die Here hom so absoluut deurgrond en ken? Is dit vir hom 'n las dat die HERE hom in sy sorg gevange hou? Alles behalwe. Dawid sê: as ek wakker word, dan is ek nog by U (vers 18). Hierdie woorde veronderstel dat Dawid aan die slaap raak terwyl die Here in sy gedagtes is. Dit wil sê: die oomblikke voor slapenstyd wy hy aan die HERE. Hy is nog besig om die kosbare gedagtes van God te probeer tel, dan oorweldig die slaap hom. En die eerste waarmee hy die volgende oggend opstaan, is weer die gedagtes oor God. Daar waar hy met slapenstyd die draad laat val het, daar tel hy dit met opstaantyd weer op om daarmee verder te werk.

'Word ek wakker, dan is ek nog by U': hierdie woorde het Dawid deur die lewe gedra. Dit het hom versterk as sy lewe van alle kante bedreig word. Met dié troosvolle wete het hy onder andere Psalm 3 gesing, toe hy gevlug het vir sy seun Absalom. Terwyl hy in doodsangs verkeer, het Dawid in die aand gaan lê en aan die slaap geraak. En die volgende oggend het hy wakker geword, want - so sê hy in Psalm 3:6 - 'die HERE ondersteun my'.

Maar, laat ons onsself nie teen die persoon en doen en late van Dawid blindstaar nie. Dit is immers nie waaroor dit in Gods Woord gaan nie. Die Skrifte het betrekking op Jesus Christus ons Verlosser - op sy lyding en heerlikheid. In Psalm 139 profeteer Dawid van die Here Jesus wat uit sy vlees gebore moet word. Christus vervul Psalm 139 - vir Dawid en vir ons. En kyk hoe Christus dit doen! Hy, ons Middelaar en Verlosser, het slaap en rus ontbeer. Hy sê dit self dat Hy geen plek gehad waar Hy sy hoof kon neerlê nie (Lukas 9:58). Met die oog waarop sê Hy dit? Sodat ons wel plek kan hê om tot ruste te kom. Christus verlos ons van rusteloosheid en vrees en spanning sodat ons in die aand met God kan gaan lê en slaap en in die oggend met God kan wakker word en opstaan. In ons nagrus is Christus ons Immanuel - God met ons. Christus waak oor ons as ons ons oë toemaak en van geen ding om ons bewus is nie.

En dit is nie al hoe Christus Psalm 139 vervul nie. Om sy ontwil word daar 'n nog baie dieper dimensie aan ons verkwikkende nagrus gegee. Christus leer ons dat slaap en sterf op een lyn lê. Dit beduie Hy vir Jaïrus as Hy sê dat sy dogtertjie nie dood is nie, maar slaap (Matteus 9:24). Hy bevestig dit by die graf van sy goeie vriend Lasarus:

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465

*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 70 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

slaap en dood lê in een lyn (Johannes 11:11). Net so lê wakker word en opstaan uit die dood ook in een lyn.

Hierdie skriftuurlike lyn gee aan Psalm 139:18 diepgaande betekenis. Ons word getroos met die wete dat die gelowige se sterwensslaap op aarde uitloop op 'n gelowige wakkerword in die hemel. Vir elke gelowige wat sterf, geld die belofte van Psalm 139: word ek wakker, dan is ek nog by U, Here! Dit is 'n gewaarborgde belofte. Christus het dit immers aan die moordenaar op Golgota belowe: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees (Lukas 23:23)! Vandag. Onmiddellik. So mag ons dan bely 'dat my siel na hierdie lewe dádelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word' (Heidelbergse Kategismus Sondag 22).

'U deurvors my gaan en my lê'... 'Word ek wakker, dan is ek nog by U': dit is woorde, gelaai met onuitblusbare geloofskrag. Dit het om Christus wil elke dag diepgaande betekenis vir elke kind van God. Om na 'n dag van woel en werk, na 'n dag van wonder en vra, na 'n dag van spanning en frustrasie te mag gaan lê, is genade. 'n Gewone ding soos slaap word 'n wonderwerk. Dit is onverdiende guns om met die HERE te gaan slaap en môre met Hom wakker te word en van Hom krag te ontvang om die nuwe dag met al sy dinge aan te pak. Ons bid nie verniet: 'Maak my môre-oggend wakker met 'n eerste gevoel van dankbaarheid' nie. Dit is genade om onder God se bewarende oog te gaan slaap en uit God se krag op te staan.

Die genade word nog groter as ons laaste lewensdag op aarde aanbreek. Dan mag ons in Christus die sterwensslaap gaan slaap met die vaste wete dat ons siel onmiddellik na Hom toe gaan, in die hemel. En eendag sal ons liggame ook saam met Hom opstaan uit die dood. Dood, waar is jou angel, doderyk - waar jou oorwinning? God se genade is oorvloedig - nou en tot in ewigheid.

Maar, hierdie genade moet ook ten volle beleef en uitgeleef word. Wat dit betref moet ons vir onsself 'n belangrike saak uitmaak. Die eerste deel van die saak is: hoe gaan slaap ons? Met die HERE en al sy groot werke in gedagte, met Skriflesing en gebed, met persoonlike godsdiens, waarin die HERE gedank word vir al sy goedheid gedurende die afgelope dag? Of met 'n kop vol sorge, met kwade gevoelens, met sake wat nie uitgepraat is nie - soos die goddelose, waarvan die Psalm melding maak? Die nag wat rus en vrede moet bring, bring vir die verbondsbreker onrus en onvrede. Daarop moet ons ag gee. Dit waarmee jy gaan slaap, staan jy môre-oggend mee op. Wie in onrus gaan slaap, staan in dubbele onrus op. Probleme vererger deur die nag.

Die ander kant is ook waar: wie in vrede gaan slaap, staan met nuwe krag in vrede op. Wie met die Here gaan lê, word met die Here wakker. Dit is die tweede deel van die eis wat die HERE aan ons stel: hoe staan ons op? Met die HERE in gedagte, met gebed, met godsdiens, met 'n dag wat voorlê vol nuwe geleenthede? Of met 'n enorme spoed om betyds klaar te maak vir skool en vir werk? Met 'n eerste gedagte aan alles wat hierdie dag moet gebeur? U weet hoe dit in u huis gaan en in u kop maal. U moet uself meet aan die eis van Gods Woord. Doen dit opreg: want die Here deurgrond en ken jou. Hy weet hoe ons gaan lê en opstaan. Hy weet ook of ons die dag met Hom begin en afsluit, en of ons eers 'n hele ent verder - as die dag al 'n paar ure gevorder het - tot die besef kom dat ons nog geen oomblik voor Hom stil geword het nie - ás ons tot daardie besef kom. Die vraag is: hoe kan ons tot sy eer skool toe gaan of ons pligte in die huis nakom, hoe kan ons in sy diens ons besigheid bedryf, hoe kan ons van Hom seën op ons arbeid verwag, hoe kan ons gelukkig wees as ons ons dag nie met Hom begin en afsluit nie, nie heeldag mét Hom en vóór Hom besig is nie?

Dit is hierdie kritieke vraag wat Dawid laat smeek: Deurgrond my, o God! Ken my hart. Toets my en ken my gedagtes. Kyk of daar by my 'n weg van smart is. HERE, kyk of my hart ten volle op U gerig is, weg van dit wat laag en gemeen is. Sif my lewe sodat dit wat verkeerd en mensgesentreerd is, uitgesuiwer kan word. Lei my so op die ewige weg na U toe.

En Vader, as ek hier op aarde die laaste keer my oë toemaak en moet gaan slaap, laat my dan ook by U wakker word - in die hemel, om Christus wil.

---

FOKUS

# OM DIE KERK HOF TOE TE SLEEP ...

**Ds ALA Buys,** Piet Retief

**Vroeër jare sou mens nie kon droom oor 'n predikante-vakbond nie. Vandag word kerkrade deur predikante hof toe gesleep. Wat die nuwe stimulus teweeg gebring het, is natuurlik die menseregte-handves en -kultuur. Dit is nie so maklik as om met 'n sooibrand-gesiggie te sê dat kerke nie vakbonde mag hê nie. Daar is veel dieper sake op die spel as net 'n nuwe modegier om hof-lik met die kerk om te gaan.**

Die wortel van hierdie kwessie is 'n gesagskwessie. Maar voordat dit verder beredeneer word, moet daar eers 'n toekomstige moontlikheid geskets word hoe dit die GKSA kan beïnvloed. Die afgelope sinode het sy vorige besluit om nie 'die vrou in die amp' toe te laat nie, gehandhaaf. Daarvoor is tevore al uitvoerige Skrif-beredenering gegee. Daar word met ander woorde 'n beroep op die gesag van die Heilige Skrif as God se Woord gedoen om die besluit te handhaaf. Vir die verdere loop van die artikel gaan ons nie op die meriete van die eksegese in nie. Vir eers is dit belangrik dat die Skrif as gesagsnorm aanvaar word.

Om die vrou in die GKSA 'uit die amp' te hou is volgens die menseregte-kultuur diskriminasie. Daar word 'n beroep gedoen op die gesag van die grondwet as geskrif om die diskriminasie uit te snuffel en reg te stel. Die verskil in gesagsgronde is baie duidelik. Wat gebeur as 'n sekere optrede geregverdig word op grond van die Skrif, wat teenstrydig is met die menseregte-grondwet?

## Mensereg versus God se reg

Naïewe oplossinkies soos die radikale skeiding van kerk en staat (soos in Amerika) gaan nie in Suid-Afrika werk nie. Om te sê die staat het sy papiere en die kerk het sy papiere en altwee moet mekaar ruimte gun, gaan vir niemand 'n blywende oplossing bring nie. Dit gaan uiteindelik oor die vraag: Wie se

'papiere' weeg die swaarste? Wie het die laaste sê? Hierdie nuwe toutrek-fase tussen kerk en staat is al redelik oud. Dit word die investituur-stryd genoem en het al begin by die Roomse pouse en keisers wat stry oor wie die finale sê het.

Wat die huidige fase nuut maak, is dat - waar die Roomse pouse en keisers gestry het oor wie die stadhouer van Christus op aarde is - die hedendaagse menseregte-kultuur nie noodwendig 'n beroep op die Bybel wil doen om hulle standpunte te regverdig nie. Daar is diegene in die kerk wat swakkerige eksegese opdis om die punt te probeer maak dat God eintlik 'n menseregte-voorstander is, maar die feit van die saak is dat menseregte nie die Bybel nodig het om die mens se reg af te kleim nie. Uiteindelik is hier twee onversoenbare strome: God se reg teen die mens se self gedefinieerde reg.

## Eintlike probleem

Maar om terug te keer tot ons eintlike probleem. Ronduit gesê: Wat gaan die GKSA doen as ons ('n kerkraad/sinode; maak nie saak nie) hof toe geneem word omdat daar volgens die grondwet teen vroue gediskrimineer word. Rook en blaas en opskop van stof gaan nie help nie. Daar is diegene (voorstanders van 'die vrou in die amp' in die GKSA) wat moontlik heimlik hoop of dalk beplan dat so iets moet gebeur. Mense wat sê dat die kerk deur die wêreldlike swaard maar 'n bietjie gedwing kan word om die 'regte' ding te doen. Mense wat hulle sal verheug as die kerke gedwing word om, ten spyte van 'n Skrif-gefundeerde sinodebesluit, die hek oop te gooi.

> *Alle mag, in die hofsaal en in die kerksaal, is aan Jesus Christus gegee*

Wat sal die advokate vir die verdediging in so 'n geval sê? Sal die hof luister na die Skrif, na God se Woord? Die hof in Suid-Afrika luister na sy eie woord, sy eie stem, sy eie papier. Daardie papier sê dat geen mens op grond van geslag uit 'n posisie gehou mag word. Dit kos geen profeet om te sien dat die hof geen ander uitspraak sal kan lewer as om die kerke skuldig te bevind aan diskriminasie en opdrag gee om dit reg te stel nie.

## Gesagskwessie

Dit is by hierdie *opdrag* waar puntjie by paaltjie kom. Wat gaan die GKSA doen as die staat se nege hoofregters hulle beveel om op grond van die grondwet van die land 'die vrou in die amp' te aanvaar in weerwil van wat die kerk glo die Skrif sê? Dit gaan nie net oor 'die vrou in die amp' nie. Dit is 'n gesagskwessie. Wie het die finale sê?

Hierdie gesagsvraagstuk het by Jesus Christus se verhoor ook opgeduik. Die regter Pontius Pilatus sê aan Hom: 'Weet U nie dat ek mag het om U te kruisig en mag het om U los te laat nie?' Waarteen Jesus antwoord: 'U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie' (Joh 19:10-11).

## Goddelike gesag en menslike mag

Die menseregters het die mag om die kerk daartoe te beveel, en hulle gaan dit heel waarskynlik doen. Hulle het die 'swaard'. Maar dit beteken nie dat hulle die gesag besit om so iets te durf doen nie. Jesus Christus se laaste woorde voor sy hemelvaart is ons padkaart in hierdie saak. Daar stel Christus - nie die kerk nie - die gesagsvraagstuk. 'Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde' (Matt 28:18).

Jesus Christus is die Hoof van die kerk - en van die wêreld. Daarvan wil die menseregters nie hoor nie. Hulle snou ons toe: 'Hou julle Christus vir julle self. Vir 'n plekkie in julle kerkie. Ons het geen behoefte aan hom nie. Hoe kan julle glo in 'n god wat julle beveel om te diskrimineer?! Kruisig hom eerder weer. Kom oor na ons standpunt. Is dit nie veel makliker om die reg tot alles in jouself te hê nie?! Mens, kom tog reg! Mens, kry reg! Los jou Christus se gesag. Jy wil tog nie vir die hele mensdom sê dat hulle voor jou god moet buig nie?! Waar kry jy dié reg?'

Ja, inderdaad, kerkvolk van God: Waar kry julle die reg? Die reg-verdigheid voor God en mens? Kry ons dit nie juis by die Gekruisigde nie (Heidelbergse Kategismus, vraag 60), wat so 'n steen des aanstoots vir die godjies van menseregte is nie?

## Ware kleure

Die ware kleure van die kerk se belydenis oor wie die gesag het, in kerk en wêreld, gaan na vore kom in die hofsaal waar die saak van 'vroulike proponent so-en-so' versus 'die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika' aangehoor gaan word. Alle mag, in die hofsaal en in die kerksaal, is aan Jesus Christus gegee. As Hy beveel, moet daar gehoorsaam word. Gaan die kerke die krag hê om aan die regters te sê dat hulle hul god genaamd 'Die Mens' die rug moet toekeer? Gaan ons bereid wees tot daardie lydensweg? Gaan ons sê: Dit is nie geoorloof om aan u meer gehoorsaam te wees as aan God nie? Of gaan ons buig?

Om die kerk hof toe te sleep gaan die hele kerkorde in 'n krisis dompel. Daar is moontlik paaiers wat die hand van die keiser gaan soen en nie die Seun, Jesus Christus, in onderworpenheid gaan kus nie (Ps 2:12). Mag God ons bewaar om as 'n eenheid te ly en te getuig. Die saak van gesag is gestel. En die belofte staan: 'Maar wanneer hulle jul oorlewer, moenie julle kwel oor hoe of wat julle sal spreek nie, want dit sal julle in daardie uur gegee word wat julle moet spreek; want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Gees van julle Vader wat in julle spreek' (Matt 10:19-20).


**FOLMER BOEKHANDEL**

19e laan 283, 0186 Villieria, Tel/Faks 012 - 329 0031
Posbus 11607, 0121 Queenswood
E-Mail: rvdk@smartnet.co.za

VERBONDSEMINAAR 2000

***Christus en Kultuur***

Lesings gehou op 29 Januarie 2000

| | |
|---|---|
| J R Visser | Skrif en Kultuur |
| H van der Wateren | Kultuur: Kleed van die Mens |
| A W G Raath | Die kultuurbeskouing van Totius |
| G J Meijer | Die kultuurbeskouing van K Schilder |
| S le Cornu | Die kultuurbeskouing van R J Rushdoony |
| S le Cornu | Ir F Pansier se ontkenning van die kultuurmandaat |

Interessante geskrif! Die prys is R34,20
en indien u saam met hierdie boekie ook fotokopieë wil aanskaf van:

***F Pansier: Cultuur, cultuurmandaat en de Schrift***
(Amersfoortse Studies nr6) en
***F Pansier: Cultuurmandaat: vastigheid of zeepbel?***
(Lesing gehou op 10maart 1988)

dan is die totaalprys R39,20.

# DIE HEILIGE GEES EN ONS (2)

**Dr JG Meijer,** Pretoria

**Hoe moet kerkrade die besluite van meerdere vergaderings hanteer? Hoe om in dié werk ons Here Jesus Christus as die enigste Hoof van sy kerk te erken en te eerbiedig?[1] En watter dwalings in die hantering van sinodebesluite moet in ons midde bestry word? Antwoorde op hierdie vrae is nodig om ... kerke van Christus te bly.**

Handelinge 15: 'Die Heilige Gees en ons het besluit'... Artikel 31 van die kerkorde: Besluite van kerklike vergaderings sal as vas en bindend gehou word, tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die kerkorde ... Die Skrif leer en die kerkorde eerbiedig die hoë gesag van die Woord in Christus se kerk.[2]

Word artikel 31 in die GKSA sorgvuldig onderhou? Nie deur alle kerke nie. Enersyds word die belofte om besluite as vas en bindend te hou verbreek. Aan die ander kant word die 'tensy' in artikel 31 finaal sowel as tydelik buite werking gestel.

## Twee dwalings

Ek verduidelik die twee dwalings aan die hand van praktiese voorbeelde. Ons kyk na die optrede van vier kerkrade (A-D) in stryd met artikel 31 van die kerkorde.

### *Konsistoriokrasie*

Kerkraad A beskou klassis- en sinodebesluite as *adviese*. Hy kan dit vryblywend aanvaar of van die hand wys. Besluite wat hy betekenisvol ag, voer hy uit. Wat hom nie pas nie, skuif hy van sy tafel. Hy kom nie sy belofte na om geldige besluite as vas en bindend te hou nie.

Kerkraad B maak dit nog erger. Besluite van meerdere vergaderings? Dit kom *nie eers* in die kerkraad *ter sprake nie*. Die notules en handelinge van klassisse en sinodes word, sonder om enigsins daarvan kennis te neem, in die argief gebêre. Hierdie kerkraad verbreek net soos kerkraad A sy belofte om geldige besluite as vas en bindend te hou.

Beide kerkrade wyk van die eerste deel van artikel 31 af. Besluite wat die Heilige Gees en die meerdere vergadering ooreenkomstig Handelinge 15 geneem het, is vir hulle net so min werd as die papier waarop dit geskrywe staan. Hulle loop hul eie paadjies en verbreek so die eenheid met die kerke wat geldige besluite wel as vas en bindend hou.

Hierdie kerkrade tree eiesinnig op, net soos die waanwyse Korintiërs eertyds. Die Here vermaan: Wat verbeel julle jul: 'het die woord van God van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom'?[3] Die Heilige Gees roep hulle in dieselfde brief herhaaldelik op om hulle nie van die ander kerke af te sonder nie, maar tot die gemeenskap van die kerke terug te keer. Wandel saam met al die gemeentes.[4] Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees (ook in kerklike besluite wat op die Woord gegrond is) aan al die gemeentes sê.[5]

Die bogenoemde twee kerkrade stel hulle eie mening bo die Woord wat in kerklike besluite praat. Die kerkraad, die *consistorium*, waan homself die hoogste gesagsdraer in die gemeente. Konsistoriokrasie, kerkraadstirannie, vervang die lewe in die Christokrasie, die eerbiediging van Christus as die enigste Hoof van sy kerk.

Kom hierdie dwaling in ons midde voor? Ja. Die kwaad van konsistoriokrasie word bedryf deur kerkrade wat

- die besluite oor afwysing van die gebruik van kelkies by die nagmaal negeer,
- teen kerklike besluite optree deur vroue in die amp van diaken te bevestig,
- na willekeur van die kerkorde, ons akkoord oor die kerklike samelewing, afwyk.

Konsistoriokrasie gaan in baie gevalle hand aan hand met dominokrasie: Die dominee word in so 'n gemeente feitlik as die hoogste gesagsdraer aanvaar. Kerke wat konsistoriokrasie in hulle midde gedoog, werk mee aan die ontbinding van die kerkverband.

### *Sinodokrasie*

Die tweede afwyking van artikel 31 van die kerkorde is die kwaad van sinodokrasie. Sinodokrate bestry konsistoriokrasie met alle mag. Hulle hou besluite van kerklike vergaderings as vas en bindend. Maar ook *hulle* dwaal. Hulle *ontkrag die 'tensy'-reël* van artikel 31. Die 'tensy' word eenvoudigweg geskrap of tydelik van sy krag beroof. Ek verduidelik ook hierdie dwaling deur die optrede van twee kerkrade, kerkrade C en D, te beskryf.

Kerkraad C voer klassis- en sinodebesluite oorhaastig uit. Voordat die notule en die handelinge gepubliseer is, maak hy die besluit al van krag. Geen besluit word getoets nie. Besluite word net as vas en bindend gehou. Punt. Uit. Die 'tensy' van artikel 31 bestaan nie vir hierdie kerkraad nie.

Die sinode beklee vir hierdie kerkraad die posisie van die pous in die Roomse kerk. Rome leer: *papa locuta, causa finita est*: As die pous gepraat het, is die saak besleg. Kerkraad C lewe uit die 'leer': *synodus locuta, causa finita est*: As die sinode besluit het, is die saak afgehandel.

Wie die 'tensy' van artikel 31 ignoreer, handel in stryd met die geloofsbelydenis waarop hierdie kerkorde-artikel gegrond is: Ons mag nie kerklike 'verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles'.[6]

'n Treffende voorbeeld van sinodokratiese uitvoering van sinodebesluite is die invoering van die 'nuwe liturgie' voordat die *Handelinge* van die sinode verskyn het. Van skrifuurlike kritiek op die besluit (waarin onder meer nie die Woordverkondiging as bediening van een van die sleutels van die hemelryk sy regmatige plek behou nie)[7] neem kerkraad C geen kennis nie. Hy verhef sinodebesluite bo alle kritiek. Nie die waarheid nie, maar die sinode is bo alles.

---

[1] NGB, art. 29.
[2] Sien die artikel "Die Heilige Gees en ons (1)' in *Waarheid en dwaling* 5(11-12), November-Desember 1998.
[3] 1 Kor 14:36.
[4] 1 Kor 7:17; vgl. 4:17 en 11:16.
[5] Vgl. Op 2:7, 11, 17, 29; 3:6, 13, 22.
[6] NGB, art. 7.
[7] Sien die artikel 'Die samekoms van die Here met sy volk'. *Waarheid en dwaling* 4(3-4), April 1998:7-11.

Kerkraad D verander die 'tensy' van artikel 31. Die kerkraad ontdek by sy toets van 'n besluit dat dit in stryd is met die Skrif. Hy stel sy bewys hiervan swart op wit. Nietemin hou hy die besluit voorlopig as vas en bindend. Hy 'interpreteer' artikel 31 as volg. 'Tensy bewys word' beteken: 'tensy 'n klassis of sinode die gelewerde bewys aanvaar'. Hierdie kerkraad verander *tensy* in *totdat*. 'n Ongeldige besluit word as geldig gehou en uitgevoer, totdat die meerdere vergadering die bewys van die kerkraad oorgeneem het.

Hierdie kerkraad voer ten minste voorlopig, tydelik, 'n ongeldige besluit uit. 'n Tyd lank is nie die waarheid nie, maar die sinode bo alles. 'n Ongeldige besluit is egter in gereformeerde kerke nie 'n oomblik geldig nie. In die kerk van Christus geld die reël van die Skrif: 'Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense'.[8]

### *Harde jukke*

Konsistoriokrasie en sinodokrasie is twee uiterstes, twee pole. Die eerste een leer: Meerdere vergaderings het geen gesag nie. Die ander een stel daarteenoor: Meerdere vergaderings het, hetsy finaal hetsy tydelik, die hoogste gesag. Altwee stel kerklike, menslike gesag bo die Woord van God. Die twee pole raak mekaar in hulle 'nie-eerbiediging' van ons Here Jesus Christus as die enigste Hoof van sy Kerk.[9]

Daardie twee dwalings funksioneer soos die twee rotse Skilla en Charibdis. Menige 'kerkskip' het in die geskiedenis teen een van dié rotse te pletter geloop. Die ware kerk kan alleen in die regte koers vaar as hy Christus as die enigste Hoof bly erken en eerbiedig. Sy Woord het in sy kerk die hoogste, die laaste woord. So sê die Here in Handelinge 15. So bely ons in artikels 7 en 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. So sal ons kerklik optree, aldus artikel 31 van die kerkorde.

*Ons glo en bely dat ons nie 'die gewoonte' met die waarheid van God mag gelykstel nie*

## Artikel 31 in die praktyk

### *Vier stappe*

Wat doen 'n kerkraad wat volgens artikel 31 optree? Hy onderneem vier stappe. Stap een: Hy toets die klassis- of sinodebesluite aan die Skrif, die belydenis en die kerkorde. Hy kom tot een van twee oortuigings: Die inhoud van die besluit stem ooreen met die norme of is in stryd daarmee. In altwee gevalle volg drie stappe.

Besluite wat nie in stryd met die Skrif en die kerkorde is nie, word (stap twee) geldig verklaar. Hulle is nog besluite van 'n klassis of sinode. In stap drie volg die aanvaarding van die geldige besluite. Sinodebesluite word, volgens die belofte in artikel 31, kerkraadsbesluite.

Die kerkraad lig in dié stadium die gemeente in, skriftelik en - indien nodig - ook mondeling, tydens 'n vergadering met die gemeente waarin belangrike sake uitvoerig bespreek kan word. Die belydende lidmate moet in hulle amp van gelowige weet wat aangaan en in staat gestel word om met die kerkraad mee te lewe. Ten slotte volg die laaste stap: die uitvoering van die besluite.

As die kerkraad 'n besluit in stryd vind met die norme, verklaar hy dit in stap twee ongeldig. Daarna volg stap drie: Hy moet ooreenkomstig artikel 31 bewys dat die besluit van die Skrif of die kerkorde afwyk. Die kerkraad formuleer sy bewys en lê dit aan die eersvolgende klassis voor. Dit is 'n liefde-plig. Wat kerkraad A nie as vas en bindend mag hou nie, geld eweneens vir kerke B-Z.

Ingeval die klassis nie met die kerkraad saamstem nie, verstrek hy redes waarom die kerkraad se bewys nie steekhoudend is nie. Kerke wat saam gelowig en eerbiedig na die Woord luister, sal tot ooreenstemming kom. As die klassis die bewys van die kerkraad aanvaar, sal hy alles in die werk stel om ander klassisse oor sy besluit in te lig en die bewys van die kerkraad aan die eersvolgende partikuliere sinode voorlê.

Die vierde en laaste stap van die kerkraad? Ongeldige besluite is nooit geldig nie en word derhalwe nie uitgevoer nie.

### *Is die vier stappe uitvoerbaar?*

Die teks van nasionale sinode 1997 se *Handelinge* beslaan 933 bladsye. Watter kerkraad is by magte om benewens sy werk in die gemeente so 'n omvangryke boek te bestudeer? Dit is wel moontlik, indien die kerkraad alle beskikbare kragte in die gemeente en daarbuite aanwend. Eerstens kan kommissies benoem word wat bestaan uit lede van die kerkraad en meelewende lidmate. Aan laasgenoemdes kan heel wat werk opgedra word.

Tweedens kan die kerkraad die klassis versoek om die werk oor die kerke in die klassikale ressort te verdeel. Kerke stuur voorlopige resultate van bevindings aan mekaar en korrespondeer met mekaar mondeling of skriftelik oor hulle bevindings.

Derdens kan die kerklike pers behulpsaam wees. Ons blad het van Februarie tot Desember 1998 aandag aan die besluite van die sinode 1997 gegee.[10] In die toets van sinodebesluite kan kerke en lidmate vir mekaar hande en voete wees.

Iemand mag nog opmerk: Die Gereformeerde Kerke in ons land ken nie die gewoonte om besluite van meerdere vergaderings te toets en in die lig van die Skrif geldig of ongeldig te verklaar nie. Dan moet ons met die gewoonte, waarmee ons van die belydenis afwyk, breek. Ons glo en bely dat ons nie 'die gewoonte' met die waarheid van God mag gelykstel nie.[11] Niks bo die Woord van God in sy kerk nie!

### *Lewende kerke*

Die betrekking van lede van die kerkraad en lidmate by die toets van besluite en sorgvuldige voorligting van die gemeente oor die toets-arbeid vestig die aandag van almal op die werk van ons meerdere vergaderings. Dit stimuleer die gelowiges in hulle profetiese, priesterlike en koninklike amp.

Hulle stel profeties die geeste op die proef. Hulle wy hulle daarby priesterlik, dienend, in die gemeente en in die kerkverband aan God. Hulle aanvaar geldige besluite en wys ongeldige besluite af om koninklik die kwaad te bestry en die koninkryk van Christus in die kerklike lewe te bevorder.

In lewende kerke vermenigvuldig die gebede vir klassisse en sinodes met wie se werk die gemeente op die hoogte gestel is: Here, gee dat die afgevaardigdes so deur u Woord gelei word, dat die kerkrade en ons almal ná die toets van hulle besluite mag vasstel: Die Heilige Gees en die sinodes het besluit ...

[8] Hand 5:29; vgl. 4:19-20.
[9] NGB, art. 29.
[10] In die rubriek 'Op pad na sinode 2000'. *Waarheid en dwaling* 4(2-12), 1998.
[11] NGB, art. 7.

BOEKBESPREKING:

# DIE BYBELLENNIUM (2)

Ds HLJ Momberg, Pretoria

**'n Vorige keer het ek probeer om die vinger op enkele punte van die eerste paar hoofstukke van Genesis te druk. Die ontdekking was ontstellend omdat juis daardie inligting, wat van grondleggende betekenis vir die res van die ganse Bybel is, gewetenloos in die dampkring van simboliek, verhale en mitologie verklaar is terwyl dit opvallend merkbaar is dat geweier word om van geskiedenisbeskrywing te praat.**

Ek meen egter dat dit belangrik is om vereers nog 'n bietjie by die verklaring van die Pentateug te vertoef. Die lesers moet hierdeur tot die besef gebring word dat die dae toe mens bykans enige Afrikaanse boek van vermeende gereformeerde oorsprong met gemoedsrus kon lees en gebruik om ons daaglikse geloofslewe daarmee te voed, vergoed verby is. Daarmee word nie gesê dat alles nie gelees mag word nie, maar dat ons met 'n kritiese oog moet lees, 'n oog wat toegerus is en in staat is om te onderskei waar die dinge op aankom. Die lesers word hiermee opgeroep om in die amp van die gelowige as mondige lidmate van die kerk op te tree, maar nie in dwaasheid nie, nie in onkunde nie, wel in kennis en vertroue.

## Verdagmaking van die Woord

Die vraag aan die Bybellennium is eintlik eenvoudig: Lei die bybelverklaring my na Christus toe, tot geloofsgehoorsaamheid aan God in en deur Christus, of lei die bybelverklaring my daarvanaf weg? Een van die eerste maniere waarop die gelowige sal weet of die bybelverklaring ons weglei van Christus af, is wanneer dit die Woord van God probeer verdag maak. Dit is die diepste kern van die dwaling van die Skrifkritiek. Dit was immers die manier hoe die verleiding tot sonde in die wêreld ingekom het. Die Satan het God se Woord by die mens verdag gemaak. Nou is daar baie maniere om die Here se Woord verdag te maak. Ek noem hier net die vernaamste twee maniere:

*Lei die bybelverklaring my na Christus toe, tot geloofsgehoorsaamheid aan God in en deur Christus, of lei die bybelverklaring my daarvanaf weg?*

- Jy soek redes om te probeer bewys dat dit nie die Here is wat dit gesê het nie, maar iemand anders. As jy dus kan regkry om te bewys dat die Here wat deur sy gesante, die profete en die apostels met ons praat, eintlik nie regtig sy Woord is nie, dan het jy bewys dat die woorde van daardie gesprek vals is en daarom ongeldig.
- Andersins probeer jy om te bewys dat die Here nie eintlik bedoel het wat hy gesê het nie. As jy dit dus kan regkry om sekere woorde as 'n ander soort taalgebruik te bewys as wat dit self aandui, of om die woorde uit die konteks van die res van die gesprek te verwyder, of nog erger - om die moderne lesers se gedagtes te probeer konvergeer op sosio-politiese en kultuur-historiese kwessies wat moontlik agter die woorde verskuil sou lê, en dat die moderne leser se analise daarvan (onder leiding van 'n vermeende kundige) die eintlike betekenis van die teks ontsluit, dan probeer jy daarmee bewys dat die woorde soos wat hulle hulself letterlik en letterkundig natuurlik aandien nie werklik bedoel wat dit sê nie. Dan het jy dit as ongeldig bewys.

Of nog die ergste, dat die geldigheid van 'n bepaalde teks slegs aanvaarbaar is in die mate as wat die vermeende kundige se visie op die destydse kulturele, politiese, sosiologiese leefwereld - oorgedra op moderne raakvlakke - die teks interpreteer. Dan maak jy die buitebybelse gegewens tot gesagvolle norm om die binnebybelse gegewens te verdraai, te verskraal of selfs teen te spreek. Dan maak jy openinge vir herinterpretasie en vindingryke aktualisasie - in plaas van verduideliking en uitlegging en bekragtiging. Dan het jy die woorde van die Boodskapper verdag gemaak.

So dan: Eers bewys jy dat die spreker nie werklik die Spreker is nie, of andersins bewys jy dat Hy nie eintlik bedoel het wat Hy sê soos wat Hy dit laat sê het nie. In beide gevalle probeer jy bewys dat ons met die Bybel eintlik met bedrog te doen het. Dit is Skrifkritiek.

## Eksodus

So toets ons weer die uitleg wat die Bybellennium van ander boeke van die Pentateug gee. Ons lees dit sommer weer in die inleiding op Eksodus, bladsy 72: 'Al speel Moses uit die staanspoor 'n belangrike rol in die boek Eksodus is dit nie noodwendig dat hy die skrywer, of minstens die enigste skrywer van die boek was nie. Die volgende bespreking en uitleg van Eksodus sal verskillende perspektiewe van priesters, profete, koninklike skrywers en wysheidsleeraars blootlê. Daarom bestaan die boek Eksodus uit 'n koor van verskillende getuies wie se getuienis oor eeue heen gegroei en ontwikkel het. Hierdie dinamiese ontwikkeling van die boek het honderde jare geduur en is in die tyd van die ballingskap (sesde eeu vC) afgesluit.'

U as leser word gevra om met u eie logika die betekenis van hierdie stelling te oordink en dan te gaan vergelyk met die teks van Eksodus. As die HERE aan Moses beveel om die heiligdom in te rig 'volgens alles wat Ek jou laat sien - die voorbeeld van die tabernakel en die voorbeeld van alles wat daarby behoort - so moet julle dit maak' (Ex 25: 9), vind ons tot aan die einde van hoofstuk 31 die openbaring wat die HERE aan Moses gee en hoe hy self moes neerskryf wat hulle dit moes doen.

Kan dit dan waar wees wat die kommentator van die Bybellennium op Eksodus beweer, dat dit 'verskillende perspektiewe van priesters....' was? Gestel vir een oomblik dat dit waar moes wees. Dan sou dit beteken dat die woorde wat in Eksodus self staan, gewoon onwaar moet wees. Die gelowiges verkry uitlegging van Eksodus vir eietydse toepassing wat dus op bedrog berus. Wat is dan die gesag van wat in Eksodus staan? Die kerkvolk word deur die verdagmaking van die Skrif van die Skrif self beroof.

## Levitikus

Op bladsy 120 word oor die wordingsgeskiedenis van Levitikus weereens summier uitgegaan van die bronnesplitsingshipotese. 'Baie van die materiaal in die boek, veral die oor die priesters

kom uit die tyd na die ballingskap.' En: 'Daar is egter ook voorskrifte in die boek wat slegs in 'n gevestigde landbougemeenskap kon geld. Dit is voorskrifte wat eers later bygevoeg is toe Israel in die beloofde land gevestig is.'

Wat beteken hierdie stellings wat die kommentator van Levitikus maak? Dit beteken dat Levitikus 25 byvoorbeeld nie soos verse 1 en 2 daarvan uitdruklik openbaar nie, naamlik dat die HERE by die berg Sinaï met Moses gespreek en gesê het: 'Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle ...' nie. Al daardie voorskrifte wat die Israeliete moes nakom toe hulle in die land inkom, was (volgens die kommentator) nie deur die HERE aan Moses gesê nie, en ook nie by die berg Sinaï in die woestyn aan hom meegedeel nie.

Omdat sulke voorskrifte volgens die verwaande oordeel van die kommentator eers later in 'n gevestigde landbougemeenskap kon geld, is die bedrieglike implikasie dat dit eers na die ballingskap deur priesters geskryf is. Deur te versin dat dit die HERE is wat dit vir Moses by die berg in die woestyn gesê het. Die kommentator kan nie aanvaar dat Israel uit die hoogs beskaafde wêreldmoëndheid van daardie tyd verlos is en dat hulle uit die land Gosen gekom het wat landboukundig die beste streek van Egipte was nie. Die kommentator laat hom in sy verklaring nie deur die kruisverklaring van die Bybel lei nie, maar deur sy eie onlogiese gedagtes.

Laat ons wel toegee: Alle Skrifgelowige kommentatore oor eeue van die kerk heen het aanvaar en beskryf dat die geskrewe formaat waarin die boeke tans daaruitsien, nie van die begin af presies net so was soos ons dit het nie. Daar is selfs aanvaar dat sekere gedeeltes met nadere verklarings of opmerkings redaksioneel voltooi is. Maar daar is nie aanwysbare bewyse van bronne buite die oorspronklike bron self waar die inligting vandaan gekom het om die boeke finaal redaksioneel te verwerk nie. Tot so 'n mate aanvaar ons die direkte betrokkenheid van Moses dat ons op geen wyse die integriteit van die Skrifwoord in twyfel trek as daar geskryf staan dat die HERE met Moses gespreek het om te sê of te doen wat daarna beskryf staan nie.

## Numeri

By Numeri vind ons op bladsy 152 weer 'n soortgelyke veroordeling van die integriteit van die boek. Die boek is volgens die kommentator (let wel) saamgestel deur priesterlike outeurs wat uit verskillende tye kom. Die verhale uit Numeri 16-17 en die bepalings in hoofstukke 15 en 18-21 dui blykbaar op 'n tyd nadat die Israeliete die beloofde land ingeneem het. Die kommentator beweer: 'Die meeste voorskrifte is eers in die tyd na die ballingskap geformuleer' en tot die boek 'bygewerk'. Maar wat beteken dit nou?

Die hoofstukspektrum in diskussie is 15-21. Daar staan in Num 15:1: 'Die HERE het met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel...' En in vers 17: 'Verder het die HERE met Moses gespreek...: sê vir die kinders van Israel...' Dan staan daar ook in hoofstuk 16:2 -" Die Koragiete het opgestaan voor die oë van Moses..." Hier word nie verhale nie, maar geskiedenis beskrywe, gebeurtenisse saam met Moses, aan Moses, in die tyd van Moses. Orals en gedurig hoor ons ook die refrein in hierdie hoofstukke hoedat die HERE met Moses praat en hom opdrag gee om sy woorde aan die volk oor te dra. So ook in hoofstuk 18 het die HERE met Aäron en Moses gespreek. Hoofstuk 20 beskryf (nie die verhaal nie, maar die historiese feit) hoe Aäron in die woestyn gesterwe het.

Ons vind in hierdie hoofstukke - in teenstelling met die kommentator - niks minder as gedokumenteerde reisbeskrywings nie. Natuurlik kan ons aanvaar dat dit moontlik nie onmiddellik in skrif-formaat beskikbaar was nie, maar ons weet dat Moses letterkundig bekwaam was omdat hy 'n adellike Egiptiese opleiding gehad het -'n wete wat ons ook vanuit die Skrif self kry en nie 'n wete wat van buitebybelse bronne afhanklik is nie.

Buitebybelse gegewens is nog altyd nuttig gewees om die betekenis van die binnebybelse gegewens te verhelder, maar die geldigheid of die betekenis van die binnebybelse gegewens was nog nooit afhanklik van die buitebybelse gegewens nie. Ons mag beslis aanvaar dat die dinge wat die HERE aan Moses gesê het, werklik is soos wat daar geskrywe staan. Selfs al aanvaar ons dat dit nie dadelik op skrif was nie, mag ons wel aanvaar dat dit wat in skrif neerslag gevind het, die werklike weergawe is van wat toe en daar in die woestyn gebeur het. God het met Moses gespreek soos wat dit daar staan.

Die verwaande kommentator van Numeri probeer per implikasie 'n saak uitmaak dat die gegewens van daardie hoofstukke pure bedrog is. Dat dit eers veel later, na die ballingskap geformuleer en bygewerk is. So word die rol en funksie van Moses self asook die van Josua in die teboekstelling van die openbaring van God in die woestyn verloën.

## Deuteronomium

Wat sal ons van Deuteronomium sê? Ons is dankbaar om te sien dat die kommentator vrymoedig skryf : Die boek vertel geskiedenis en bevat 'n groot aantal wette. Ook waar op bladsy 191 die verhouding van Deuteronomium tot die ander boeke van die Bybel beskryf word, word aangaande die res van die Ou Testamentiese boeke vermeld: 'Hulle beskryf die geskiedenis van God se volk in die Ou Testament en beoordeel daardie geskiedenis in die lig van die inhoud en boodskap van Deuteronomium. Hierdie versameling boeke staan ook bekend as die Deuteronomistiese geskiedwerk...'

Die kommentator volg in 'n sekere sin sy eie pad, anders as die meeste verklaarders van die Ou Testament. Hy erken die moeisame proses waardeur die Pentateug, ook die boek Deuteronomium, gegaan het voordat dit sy finale vorm gekry het. Hy bly ook steeds van mening dat 'Deuteronomium wel ou materiaal bevat' en dat die oorspronklike ou materiaal 'n belangrike rol gespeel het in die hervorming van Josia, en 'die basiese verbondstruktuur van die boek is baie oud'. Hy gee enersyds erkenning dat 'die pentateug die eindpruduk is van 'n lang proses waaraan 'n aantal mense meegewerk het.' Aan die ander kant hou hy vas: 'deur hierdie hele wordingsproses is die materiaal as gesagvol erken, soos onder andere blyk uit Josia se ontsteltenis by die aanhoor van die inhoud van die boek'. Dit kan wel gevra word of hy dit nie te versigtig gestel het nie, te bang was om die teologiese komposisie van die res van die kommentaar te skend, te sag om die dwalings van medewerkers reguit aan te spreek nie?

Dankbaar lees ek die erkenning op bladsy 209 dat Israel as slawe in Egipte die landbou-arbeid verrig het en kennis gehad het selfs van die hele besproeiïngsisteem sodat voorskrifte oor die toekomstige optrede van die volk in die beloofde land al reeds in die woestyn aan hulle verduidelik kon word en hulle dit kon verstaan (Deutr 11: 8 - 12), en nie soos die kommentator van Levitikus wat beweer dat sulke opdragte eers verstrek kon word toe Israel reeds die beloofde land betrek het nie. Net so ook die verklaring van Hoofstuk 22:8 dat 'n reëling om die bovertrek van 'n huis as veiligheidsmaatreël aan te bring. Hierdie wetgewing word eenvoudig verklaar as deel van Moses se toespraak in die woestyn (p. 220), met die veronderstelling dat, ookal het Israel nie in huise met bovertrekke in die die woestyn gebly nie, hulle vanuit hulle kennis van Egipte presies geweet het wat die HERE bedoel. So kon hulle dit wat Hy deur

Moses beveel het, toepas as hulle in die beloofde land kom.

Ek vind egter 'n probleem met die kommentator se opmerking op bladsy 216 waar hy verskillende Skrifgedeeltes met mekaar vergelyk aangaande die versorging van die priesters en Leviete. Volgens hom was die priesters se deel nie oral presies dieselfde nie. 'Waarskynlik het die bepalings met verloop van tyd verander.' Hierdie ongelukkige opmerking weerspreek die res van die Skrifgetroue kommentaar op Deuteronomium en versterk die Skrifkritiese gees wat die res van die kommentaar op die Ou Testament grootliks adem. Beteken dit dat God se voorskrif van tyd tot tyd verander het, aangepas is, sodat God eintlik iewers nie heeltemal bedoel het wat Hy gesê het nie, of beteken dit dat dit eintlik nie die HERE se versorginsvoorskrifte was nie, maar sommer dié van mense, wat in die woorde van Paulus 'deur die gebruik bestem is om te vergaan' (Kol 2:22)? Noukeurige Skrif met Skrif vergelyking sou waarskynlik hier tot 'n beter gevolgtrekking gelei het as die stelling dat die bepalings waarskynlik met verloop van tyd verander het. Hierdie is 'n duidelike bewys van versigtige Skrifkritiek soos ander tydskrifte in Suid-Afrika reeds aangedui het.

Wat Deuteronomium in die geheel betref, is daar vir die gelowige wat graag aan die Skrif gebonde wil lewe, goeie en betroubare kommentaar gelewer. Maar wat word daarvan in 'n geskrif soos die Bybellennium? My gemoed wil pleit dat hierdie kommentaar asseblief nie in die Bybellennium moes verskyn nie. Dit pas nie daarbinne nie! Die verklaring van Deuteronomium kan tog nie vergoed vir die misleiding in die verklarings van Genesis tot Numeri nie! Hierin vind ek dit weereens jammer dat gereformeerde teoloë saamtrek in dieselfde juk as die skrifkritiese teoloë van die jaar 2000.

---

**MEDIESE ETIEK**

# Twee siek ampsdraers

**Dr JM Boon**, Pretoria

**Wat beteken dit om siek te wees? Is siek wees deel van die heilshistoriese werk van ons Here Jesus Christus? Hoor ons iets oor God en siekte? Kan ons uit die Skrif leer wat die doel van lyding en siekte is?**

Ds JJ Arnold skryf[1] pragtig oor die betekenis en doel van siekte[2]. Ons gee in hierdie artikel aandag aan twee siek ampsdraers in die Bybel. In volgende artikels kyk ons na nog ander voorbeelde van siekes in die Skrif.

So dink ons verder oor die betekenis van siek-wees in die heilshistoriese werk van Jesus Christus.

*Moses* en *Hiskia* was ampsdraers in die kerk van die Ou Verbond. Moses het die volk van die Here gelei in 'n moeilike tyd van die heilsgeskiedenis. En later was Hiskia ook koning oor hierdie volk. Beide het siek geword. Die siekte van beide was verskillend. Tog het die HERE met die siekte van beide ampsdraers die voortgang van sy verlossingswerk gesoek.

Hy roep Moses op tot *bekering* en Hiskia tot *verdere toegewyde diens* in sy koninkryk.

## Moses

Ons lees dat Moses siek geword het. Waarom het hy siek geword?

Die Here het Moses beveel om die veilige Midian te verlaat en na die gevaarlike Egipte te gaan om die groot werk van God se verlossing te begin. Aanvanklik wou Moses nie gaan nie. Hy het probeer om te ontkom aan hierdie roeping. Daarom moes die Here Moses behoorlik beetpak sodat hy sou vertrek.

Ons lees in Eksodus 4:20 dat Moses inderdaad Midian verlaat het en na Egipte gegaan het. Maar die manier waarop hy gegaan het, was 'n belediging vir die HERE. Moses het nagelaat om sy seun te besny! Hierdeur het hy die verbond van die HERE verbreek (Gen 17:14). Nog kort gelede het die HERE so opvallend as die God van dieselfde verbond na Moses gekom (Eksodus 3:14-15). Die HERE het hom voorgestel as die God van sy vader, die God van Abraham, Isak en Jakob (Exodus 3:15). Ja, sy verskyning was vol van heerlikheid en heiligheid toe Hy Moses by die brandende doringbos geroep het.

Maar terwyl Moses met sy vrou en kinders na Egipte vertrek, was dit nie die gevaarlike Egipte nie, maar die HERE self, die God van Abraham, Isak en Jakob, wat die grootste gevaar vir Moses word. Ons lees: 'En op die pad in die herberg het die HERE hom teëgekom en *wou hom doodmaak*. Toe neem Sippora 'n skerp klip en sny die voorhuid van haar seun af....' (Eksodus 4:24-25).

Dit is moeilik om presies te bepaal wat hier gebeur het. Het die HERE Moses oorval soos Jakob by Pniël? Of het hy akuut siek geword? Ons kan nie met sekerheid sê nie. Maar of dit nou 'n dodelike siekte was of 'n ander dodelike oorrompeling, Moses was hier in 'n terminale situasie. Dit kon 'n hartaanval wees, 'n dodelike infeksie, 'n akute bloedkanker, of 'n fisiese oorrompeling. Wat was die oorsaak hiervan?

Die antwoord is duidelik. Moses, die geroepe ampsdraer van God, het hom nie aan die verbond van God gehou nie. Op hierdie manier kan die HERE nie vir Moses in sy verlossingsplan gebruik nie. God se heilshistoriese werk het nie so 'n ongehoorsame ampsdraer nodig nie. Die HERE is besig om groot dinge te doen. Hy gaan sy volk verlos uit Egipte. Hy gaan hierdie volk op 'n wonderlike manier verlos soos Hy al aan Abraham beloof het (Gen 15). Hy gaan sy volk lei na die berg Sinaï om daar sy verbondswet aan sy kinders te gee. Sy goeie wet vir die hele lewe. Hy maak sy volk 'n koninkryk van priesters en 'n heilige volk, afgesonder om nie uit roepingsverwaarlosing nie, maar uit roepingsparaatheid te lewe (Eksodus 19).

Ja, maar dan moet die voorganger van hierdie volk ook sy verbond hou. Dit beteken dat die ampsdraer ook sy roeping gehoorsaam moet wees. Moses is terminaal as die hand van die HERE teen hom uitgestrek word. God se toorn het al vroeër ook teen hom ontbrand (Eksodus 4:14). Hier lees ons van Moses se besware waarom hy nie na Egipte wou gaan nie. Hy noem sy onvermoë om vlot te praat. Dan wys die HERE hom dat Hy wat roep, ook die gawes sal gee om die roeping te kan uitvoer.

Die oorsaak van Moses se siekte is die toorn van die HERE. Die HERE dwing Moses weer tot gehoorsaamheid aan sy verbond.

---

[1] JJ Arnold. *Wie is hier niet verlegen, over ziekenbezoek*. 2de druk. Goes: Oosterbaan, 1991: p. 17-35.

[2] Ds Arnold is emeritus predikant van die Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt), Amersfoort-Wes ( Nederland). Sy boekie oor siekebesoek word hartlik aanbeveel. Die artikel verwoord sy gedagtes in eie woorde.

Om dit te bereik tref die HERE hom dodelik. Sodat hy weer ampsdraer sal wees, weer wil buig onder die roeping van die HERE. Hierin betoon die HERE hom juis in sy toorn as die genadige God, wat sy dienskneg terug roep na die lewe in die verbond.

Ons het almal 'n *roeping* van die HERE ontvang. In die huis as ouers, in die opvoeding van ons kinders, in die werkplek as bouer of besigheidsman, in die wetenskap en kultuur. Die Here roep ons in sy kerk en roep ons om nie die eerste liefde te verlaat nie: dit wil sê nie die verbond van die HERE te oortree nie. Dit geld vir al die lewensterreine!

Dan kan die HERE ook vandag 'n gewone griep,' ernstige siekte, beenbreuk of ander siekte gebruik om ons weer by die roeping wat ons in God se koninkryk het, te bepaal. Die HERE kan siekte gebruik om tydens verwaarlosing van ons roeping in sy diens ons weer die *a-b-c van sy verbond* te leer, naamlik om te luister na sy woorde, om ons in diens te stel van sy verlossingsgang, ook in ons eie tyd. Ook vandag is gehoorsaamheid beter as offerande.

## Hiskia

'n Tweede siek ampsdraer: Hiskia het siek geword. Waarom het hy siek geword? Hierdie koning was tog trou. Hy het hom tog aan die verbond van die HERE gehou. Hy het die HERE opreg gedien. In alles het hy die HERE geraadpleeg en gebid vir sy raad. Hy het niks gedoen wat teen die Woord van die HERE was soos wat Jesaja dit geprofeteer het nie.

Tot drie keer word daar in die Skrif vertel van die siekte van Hiskia ( 2 Kron 32:24-33; 2 Kon 20:1-21; Jes 38).

Dit is duidelik uit 2 Kon 20:3 dat Hiskia 'n godvresende man was. Daar was niks tussen hom en die HERE nie. Ná sy siekte is daar egter wel sprake van God se toorn teen die koning. Maar nie voor sy siekte nie. Ook nie tydens sy siekte nie.

Ons sou kon sê dat die koning 'gewoon' siek geword het. Net soos wat elke mens siek kan word. As Hiskia bid tot die HERE dan kan hy, terwyl hy smeek om beterskap, wys op die verbondstrou waarin hy gelewe het: 'Ag, HERE, dink tog daaraan dat ek met 'n volkome hart gewandel het en gedoen het wat goed was in u oë.' Ja, dit mag ons as kinders van die Here doen. Dink maar daaraan hoe Dawid in Psalm 26 bid: 'Doen aan my reg, o HERE, want ek wandel in my opregtheid en vertrou op die HERE sonder om te wankel.' (Psalm 26:1).

Die HERE het die smeekstem van Hiskia gehoor. Wat was die inhoud van die gebed van Hiskia? Was dit die smeekstem om gesondheid terwille van sy eie lewe? Wou hy graag weer gesond wees om sy eie stokperdjies te beoefen? Nee, ons lees iets anders in die Bybel. Dit gaan vir Hiskia oor die lof aan die HERE. Om weer die trou van die HERE aan die kinders bekend te maak (Jesaja 38:19). Want die kinders moet uiteindelik die vaandel van die HERE verder dra. Hiskia bid om genesing sodat hy verder kan werk aan die reformasie van die kerk. Sy gebed is nie egosentries nie, maar priesterlik en profeties wil hy sy roeping in diens van God se koninkryk voortsit. Sy gebed draai om die lof van die HERE. Dit sien ons ook duidelik in die lied van Hiskia. Hierdie lied sing hy nadat die HERE genesing geskenk het (Jesaja 38: 9-22)

Die HERE verhoor die gebed van Hiskia. Hy herstel hom van die dodelike siekte.

Weereens weet ons nie presies watter siekte Hiskia gehad het nie. Ons kan dink aan 'n vinnig verlopende kanker, ernstige infeksie of 'n abses wat sistemies versprei het.

Waarom word Hiskia siek? Sy siekte was nie as gevolg van sonde soos by Moses en andere nie.

Nee, Hiskia het soos 'n regverdige gewandel. Die HERE wil Hiskia nog sterker bepaal by sy taak en roeping in die voortgaande reformasie van die koningshuis van Dawid. Hy wil hom nog sterker aan sy heilshistoriese plan verbind. Dit is hierdie plan waaraan die HERE deur die siekte van Hiskia nog verdere stukrag wil verleen. Die HERE wil hierdie ampsdraer verbind aan sy lewensopdrag. Hy mag nog 15 jaar verder werk aan die reformasie van die kerk.

So kan die HERE ook nog vandag met sy regverdige kinders handel. As ons as regverdige kinders van die HERE siek word, mag ons ook daaraan dink dat die HERE die siekte kan gebruik om ons nog vaster aan Hom te bind. Ja, om ons verder aan sy koninkrykswerk te verbind.

Ook ons siekte kan die HERE gebruik in sy heilshistoriese plan in die jaar 2000, as Hy heenwerk na die vervulling van sy beloftes.

Die HERE genees Hiskia terwille van die verdere reformasie van die kerk. Hiskia het dit egter geensins verdien nie. Geen mens verdien immers enigiets by die HERE nie. Die feit dat hy gesond word, is alleen die genade van die HERE. II Kron 32:25 sê: Die feit dat hy gesond geword het was 'n *weldaad* van die HERE.

> *As ons as gelowiges siek word is dit dus nie maar net die gevolg van biomediese oorsake en gevolge nie*

Die HERE maak Hiskia gesond uit vrye guns alleen. Ook die feit dat hy gesond geword het, was in die heilshistoriese plan van God opgeskryf. Die HERE het sy bedoeling met die gesondmaking van Hiskia. Die HERE genees nie vir Hiskia omdat hy so regverdig was nie. Nee, dit was 'n weldaad.

Ook vir die volk was Hiskia se genesing niks anders as die goedertierenheid en genade van die HERE nie. Hiskia kry die geleentheid om nog meer in die koninkryk van God te doen. Hy mag weer doen wat goed is in die oë van die HERE. Hy mag verder werk aan die reformasie van die kerk. Want ag, hoe diep het die volk van God nie geval nie. En so sorg die HERE ook vir sy kerk, deur hul gelowige ampsdraer Hiskia te genees.

Ook vandag is die genesing wat die HERE skenk slegs uit genade. As ons gesond word na 'n strawwe griep is dit 'n weldaad van die HERE. Ons mag leer van die genesing van Hiskia, dat die HERE ook met ons genesing vandag 'n bedoeling het. Hy wil ons opnuut en sterker aan Hom verbind, om ons verder in sy koninkryk as profete, priesters en konings in te span.

Hiskia het niks verdien nie! Hy mag lewe uit genade! Die vyekoek wat gebruik is in sy siekte is deur die genade van die HERE voorsien. Ja, ook die genesende krag van die vrugtesappe van die vyeboom..

As ons as gelowiges siek word is dit dus nie maar net die gevolg van biomediese oorsake en gevolge nie, maar gebruik die Here dit in sy koninkryksplan. Hy kan ons daardeur tot *bekering* en *verdere toegewyde diens* in sy koninkryk roep.

Dit is duidelik dat die siekte van kinders van die HERE betekenis het in die heilshistoriese werk van ons Here Jesus Christus.

Volgende keer DV oor twee siek prinse.

**Ds GJ Meijer,** Wonderboompoort

# MORELE SUID-AFRIKA

In die rubriek Godsdiens-aktueel van *Beeld,* 17 Januarie 2000, reageer prof. Christina Landman – teoloog van Unisa – op die nuwejaarsboodskap van visepresident Jacob Zuma. Dr. Zuma het in sy boodskap die versugting uitgespreek dat Suid-Afrika *one moral universe* moet word. Prof. Landman kleur die prentjie van die 'een morele universum' met enkele kritiese vrae (sy noem dit raaiskote) in.

Zuma belowe hopelik hiermee dat die regering iets aan ons immorele samelewing gaan doen.

'n Mens sou ook wonder of Zuma met 'one moral universe' iets godsdienstigs bedoel het ... Hy besef hopelik die bydrae wat godsdienste en hul waardes tot die 'one moral universe' kan maak.

Of het Zuma bedoel ons moet geld belê in die 'one moral universe'? Het hy bedoel dat ons in Suid-Afrika nie 'one moral universe' kan wees terwyl daar verskriklike armes en nogal rykes is nie?

Of wou Zuma ons met sy 'one moral universe' dalk aanspoor om die landswette te gehoorsaam?

Of miskien het Zuma bedoel ons moet nou wegkom van die wit en swart moraliteit wat ons in die verlede gehad het, met die klem op die 'one' van die 'one moral universe'.

Uiteindelik konfronteer prof. Landman die vise-president, en daarmee saam die regering, met twee vrae: *die eerste is, kan die regering 'n morele samelewing skep, terwyl hy self van korrupsie verdink word? En die tweede is: sal ons daarmee kan saamleef dat moraliteit nie meer uitsluitlik in die hande van die kerke (en die moskees en die tempels) is nie?*

In verband met die tweede vraag, en in besonder ten opsigte van die rooi-flikker-lig-woorde wat in hakies toegevoeg is, merk prof. Landman op: *laat ons droom van 'n Suid-Afrika waarin die regering wel in staat is om vir ons morele strukture te skep. Ons as Christene, Moslems, Jode en Hindoes gaan saamwerk om ons immorele samelewing om te swaai. Ons gaan 'one moral universe' word, en Suid-Afrika 'n voorbeeld van veiligheid en welvarenheid maak. In so 'n samelewing sal ons vry kan wees om morele lewens te lei. Al is dit maar net 'ons moral dream'.*

Soos met bykans alle ander Godsdiens-aktueel artikels wat uit die pen van prof. Landman vloei, is dit ook nou weer opmerklik dat daar van teologie, van eerbiedige luister ná en gehoorsame buig vóór God se Woord, hoegenaamd geen sprake is nie. Dit word veral duidelik as prof. Landman moraliteit losmaak van die enige ware God. Dit is onmoontlik om oor moraliteit te besin sonder om met diepe onstag te buig voor God, ons Vader in Jesus Christus.

Die gedagte om saam met Moslems, Jode en Hindoes 'ons immorele samelewing om te swaai' is derhalwe niks meer nie as humanistiese grootpratery en wensdenkery. Dit het niks met God se eer en met eerbiedige optrede voor sy aangesig te doen nie. Die niksseggendheid van die menslike snoewery sal nog blyk as daar byvoorbeeld met die Moslem-geïnspireerde lede van Pagad gepraat moet word oor die regverdiging van geweld.

Die ander rooi lig wat helder brand, is die sintese, die samewerking tussen godsdiens en afgodsdienste, wat bepleit word. So 'n sameraapsel van sogenaamde godsdienssamewerking kan die toets van die Skrif nie deurstaan nie. Die oorlog tussen slangesaad en vrouesaad (Genesis 3:15) is deur God verklaar, en moet end-uit deur sy verbondsvolk getrou gestry word.

Intussen is die klanke wat geuiter word angswekkend duidelik. Grense tussen godsdiens en afgodsdiens word soetjies uitgevee. Eers word 'morele' samewerking bepleit: die tweesnydende krag van die vyfde tot die tiende gebod word oorboord gegooi. Die tweede fase van hierdie plan is voorspelbaar. Gebod een tot vier moet sneuwel. Langs die enige ware God sál daar ander gode geduld word. Dit is die taal van die 'nuwe teologie'.

# GODSDIENS-KREATIEF

Dat die taal van die 'nuwe teologie' geen denkbeeldige hersenskim of wolf-wolf skreëry is nie, word duidelik in 'n skrywe van prof. Sakkie Spangenberg in *Beeld* van 10 Januarie 2000.

Prof. Spangenberg het na aanleiding van 'n berig in die rubriek Taalkompas aan godsdiens en kreatiwiteit begin dink. Hy skryf: *Ek vra my af – kan Christene in die gereformeerde tradsie werklik kreatief met hul geloof omgaan? Is gereformeerdheid en kreatiwiteit onversoenbaar? Ek kry dikwels die idee predikante wat in dié tradisie geskool is, glo die waarheid is finaal in die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls verwoord ... Diegene wat enigsins hiervan afwyk en by moderne teoloë uit ander tradisies gaan kers opsteek, word gou gebrandmerk as 'liberales'.*

Om sy 'idee' oor 'tradisionele (of is dit konfessie-gebonde?) predikante' toe te lig, verwys prof. Spangenberg na die Parlement van die wêreld se godsdienste wat begin Desember 1999 in Kaapstad byeen gekom het. Hy skryf: *Baie Afrikaanse gereformeerde Christene (bedoelende Christene in die Gereformeerde Kerke, Ned. Geref. Kerk en Ned. Herv. Kerk) het nie mooi geweet wat hulle van dié byeenkoms moes dink nie. Party predikante was onmiddellik reg met 'n antwoord: Christene mag nie in een juk met ongelowiges trek nie. Hulle mag nie saam met mense wat ander godsdienste beoefen, verkeer nie, want dis van die bose/Bose.*

Daarteenoor stel prof. Spangenberg: *Ek meen ons eeu en samelewing vra 'n andersoortige standpunt oor godsdienste ... Ek vind die vergelyking tussen godsdienste en tale nogal 'n handige hulpmiddel om nuut en vars oor die verhouding tussen godsdienste te dink en te praat. Dié vergelyking stuur weg van die tradisionele standpunt van waar teenoor vals, van gelowig teenoor ongelowig, en van Christendom teenoor ander godsdienste.*

Die Godgestelde antitese tussen vrouesaad en slangesaad word geskrap. En hoe!

Prof. Spangenberg verduidelik verder: *Elke godsdiens verteenwoordig na regte 'n spirituele taal. En net soos kinders van kleinsaf 'n spreektaal aanleer, leer hulle ook 'n spirituele taal. Die rede waarom sommige mense Christene is en ander Judaïste, of Mos-*

*lems, of Hindoes (of wat ook al) hang saam met 'n opvoedingsproses.*

*Groot tale bestaan gewoonblik uit dialekte en so het groot godsdienste 'dialekte'. Neem die Christendom – daar is Rooms-Katolieke Christene en Protestantse Christene, Christene uit die Ortodokse Kerke en ander Christene. Party Christene wil weliswaar nie die ander se dialek erken nie en meen dit is 'n aberrasie. Soms beveg Christene van verskillende dialekte mekaar (dink aan Noord-Ierland), maar hopelik kom dit ook tot 'n einde.*

*Net soos 'n mens taalimperialisme aantref, tref 'n mens ook godsdienstige imperialisme aan. Godsdienstige imperialisme word dáár aangetref waar een godsdiens 'n ander godsdiens bestaansruimte ontsê, of waar die aanhangers van die een godsdiens die aanhangers van 'n ander godsdiens as kinders van die bose/Bose brandmerk.*

*In die geskiedenis van die Christendom is daar talle voorbeelde van godsdienstige imperialisme. Dink maar aan die kruistogte, die gedwonge bekering van die Jode in Spanje en die vervolging wat inheemse volke van Suid-Amerika van Christene moes verduur.*

'n Paar vrae aan die adres van prof. Spangenberg:

- Was Christus 'n 'godsdienstige imperialis' toe Hy verklaar het: As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog (Johannes 15:6)?
- Het die sendingbevel van Matteus 28 en Handelinge 1 nie die 'ontsegging van ander mense se godsdienstige ruimtes' tot gevolg nie?
- Is die bevel tot die kerk, naamlik 'bewaar julleself van die afgode' (1 Johannes 5:21), 'n wederregtelike vermaning aan die adres van 'ander godsdienstige dialekte' ?

Prof Spangenberg sluit sy artikel in duidelike terme af: *Die grootste uitdaging van die Christelike teologie in die nuwe millennium lê na my mening daarin om Christene op voetsoolvlak te leer om mense van ander godsdienste as medemense te erken wat 'n ander spirituele taal as hulle praat. Elke persoon se spirituele taal lê hom/haar na aan die hart en daarom behoort ons respek vir mekaar se godsdienstige oortuigings te toon.*

So praat die mens wat beter as God weet. Dit is die taal wat die breë godsdienstige toneel in Suid-Afrika (en die wêreld) beheers. Nie net sommige nie, maar al die gebooie van God se wet word aangetas. Alles wat gereformeerd is, word onder verdenking geplaas.

Die ergste van alles: God se eer word aangetas. Dit blyk nog te meer uit die volgende

## LOOF HOM MET DIE SAXOFONE

Ds. Ronell Bezuidenhout het 'n Bybelse dagboek vir tienermeisies geskryf, getiteld *Was my lewe maar 'n somervakansie*. In *Beeld* van 25 Januarie 2000 is 'n hoofartikel aan dié dagboek gewy. Enkele sinsnedes word uit die artikel weergegee.

Die 31 dagstukkies vir Januarie word almal aan fasette van God gewy – en telkens word 'n ander beeld gebruik om 'n ander faset van God te bespreek. Onder 'Ek is God – jou Sekuriteitswag' lees 'n mens van God wat beskerm; onder 'Ek is God – die Elektrisiën' van die God wat lig gee; onder 'Ek is God – die Kunstenaar' van die God wat jou gemaak het.

Hoekom hierdie beelde? Omdat die skriftuurlike beelde, soos God wat Homself as Koning of as Rots bekend maak, kwansuis verouderd is en buite die leefwêreld van die hedendaagse jeug lê. *Kan 'n moderne stadskind werklik verstaan wat bedoel word met die beeld dat die Here 'n herder is? Bezuidenhout stel dié vraag pertinent in haar dagboek en gebruik dan die beeld van die 'au pair' wat 'n kleuter versorg om te verduidelik: 'En so is God jou Au pair. Wat wil keer dat jy jou nerfaf val. Wat nie wil hê dat jy êrens wegraak nie. Of dat allerhande gevare jou bedreig nie. Jou Oppasser. Die Een wat jou dag en nag versorg'.*

Bezuidenhout maak haar eie beelde van God. In dieselfde asem word daar bedenkinge uitgespreek oor die beelde waarmee God Homself in sy Woord aan ons openbaar. *Wanneer God 'Vader' genoem word, roep dit gedagtes op van 'n groot, sterk, liefdevolle versorger. Wanneer daar van God as 'Rots' sprake is, is die bedoeling dat Hy stewig en standvastig is, sodat 'n mens sy vertroue op Hom kan plaas. Maar beelde kan ook skeef loop. As 'n jong meisie byvoorbeeld seksueel mishandel is deur haar pa, kan dit vir haar moeilik wees om aan God as 'Vader' te dink. In sulke gevalle het predikante al mense aangeraai om liewer aan ander Bybelse beelde van God vas te hou. 'n Rots kan ook hard, koud en gevoelloos wees, en as 'n mens onderin 'n myn werk, kan dit jou doodval.*

Hierdie bedenkinge is ernstig. Dit getuig daarvan dat daar uit en uit menslik oor God gedink en gepraat word. God se Vaderwees word afhanklik gemaak van die mens se persepsie van sy/haar aardse pa, instede daarvan dat ons aardse vaderskap deur God se hemelse Vaderskap bepaal word (Efesiërs 3:14,15). Die beelde wat God van Homself bekend maak, word opsy geskuif deur mensgemaakte beelde wat sogenaamd beter verstaanbaar is. Die klei weet beter as die Pottebakker.

Dat hiermee gerebelleer word teen die eerste tafel van die wet, word klinkklaar as ds. Bezuidenhout na God verwys as die *Raver*.

Bezuidenhout skryf aan die hand van 'n paar Psalms: God is mal oor musiek. Sy wy uit oor die musiekinstrumente soos galmende simbale wat nie maar net 'n sagte ou klankie was nie. Die ramshorings was so goed soos 'n baskitaar. Snaarinstrumente en fluite trek sy deur na elektriese kitare en saxofone vir jazzers. Dan kom sy uit by 'n beeld uit die tienerwêreld: 'En behalwe vir die 'band' (orkes) is daar nog die voordansers op die verhoog. Net om hierdie paartie woema te gee: koordanse – 'n propperse 'rave', deurnag. So klink dit vir my.

Hier word voorstellings van God gemaak wat lynreg indruis teen God se heiligheid en heerlikheid. Bedink dit: God is 'mal' oor musiek. Ons liturgie (diens) aan Hom is 'n 'paartie' wat moet 'woema' kry. Dit skree ten hemele.

Tog gaan die proses voort waarin ons hoë en verhewe God klein gemaak word in die harte van mense, veral in die harte van die jeug, wat reeds aan soveel strominge blootgestel word. God word ingesleep in die vervalle leefwêreld van die mens in. Die mens staan nie meer op sy tone om God in sy onbeskryflike majesteit te verheerlik nie. Hierdie dagboek hoort nie op ons tienerjeug se bedkassies tuis nie.

Teenoor alles wat in die dagboek bepleit word, aanbid ons God soos Christus ons geleer het: Onse Vader wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word. En so moet ons ook ons kinders leer.